STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

16 DESEMBER 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS
Levitikus 16:1-11; 20-22; 29-31

AANDDIENS
Kersmeditasie

PREDIKANTE AAN DIENS TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE

12 tot 17 Des.
Ds. Breytenbach

18 tot 25 Des.
Ds. Duvenhage

26 Des. tot 8 Jan.
Ds. Visagie

Kontak gerus die leraar aan diens indien jy gedurende die skoolvakansie 'n leraar benodig.

DEURKOLLEKTE
Karoo-kosprojek

EREDIENSTE

			16 Desember		23 Desember	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Burger	3	Ds. Duvenhage	4
19:00	Kapel	Aanddiens	Mike van Deventer	12	Ds. Breytenbach	13
			30 Desember		**6 Januarie**	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Potgieter	1	Ds. Visagie	3
19:00	Kapel	Aanddiens	Geen diens	-	Ds. Visagie	12

SPESIALE EREDIENSTE TYDENS DIE VAKANSIE

Oukersdag 24 Des. 19:00 tot 19:30 - Samesang van Kersliedere in die kerk.

Kersdag 25 Des. in die kerk om 07:30, 08:30 en 09:30 - Ds. Why Duvenhage

Oujaarsdag 31 Des. 19:00 in die kapel - Ds. Callie Visagie

KAROO-KOSPROJEK

A.g.v. die langdurige droogte dreig ernstige voedselnood in Leeu-Gamka, Zoar en Calitzdorp. Ons is tans besig om met behulp van medewerkers en kosspanne drie keer per week tydens die skoolvakansie aan minderbevoorregte laerskool- en voorskoolse kinders op dié dorpe 'n maaltyd te voorsien. Raak asseblief by die groot poging betrokke deur:

- 'n Elektroniese bydrae na NGK Stellenberg, ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, KAROOKOS as verwysing.
- 'n Bord kos @ R10 per bord te borg. Kaartjies is na oggenddienste in die voorportaal van die kerk te koop.
- Produkte te skenk: 5/10 kg broodmeel; 5 kg mieliemeel; hawermout; kookolie; blikkieskos soos *bully beef* en sardyne; rys; langlewemelk; soja-maalvleis en aanmaakkoeldrank.

DOOP VANDAG

- Hugo en Cindy de Villiers, King's Mansions 17, Durbanville, laat doop vir Rory Raphaella de Villiers.
- JP en Marjorie Marais, Briffantstraat 5, laat doop vir Nielia Marais.
- Roy en Mari Zeelie, Edmond Rostandstraat 3, laat doop vir Hanna Zeelie.

VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Die volgende persone is op 14 Nov. tot die kerkraad verkies:
Ouderlinge:

- Dirmü Gouws vir ds. René Potgieter (Herkies)
- Kobus Otto vir ds. Callie Visagie (Herkies)
- Karen Visagie vir ds. Callie Visagie (Herkies)
- Diaken: Philipp Dietmann vir die eredienskommissie

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Willem Johannes (Hantie) Mouton, gebore 21/03/1924 en oorlede op 6/12/2018. Hantie was sedert 1997 'n lidmaat van die gemeente en sy roudiens was op Woensdag 12 Desember in die kerk. Ons innige meegevoel met Willa, sy vrou, Bon Esperance 64, asook kinders wat hy agterlaat.

TIENDEMAANDINSAMELING

- Ons tiendemaandinsameling duur tot einde Februarie 2019. Dié insameling is onmisbaar in die gemeente se jaarlikse begroting van R10 miljoen. Ons mikpunt is R1,75 mijoen en die insameling staan tans op R 1 165 946 .
- Bring jou tiendemaandbydrae, of bewys van die bydrae, saam na die erediens toe en in ruil daarvoor ontvangs jy 'n spekboompie. Neem asb. net een spekboom per gesin. Spekbome kan in 2019 uitgeplant word.

Jeremia 17:8 "So iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie."

BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 7 Januarie om 09:30 in die markplein bymekaar.

NUUT IN DIE GEMEENTE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, kontak ons asseblief. Ons wil jou graag persoonlik ontmoet. Jy kan na die oggenddienste by die inligtingstoonbank aanmeld, of stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za, of gesels na die diens met die prediker.